# ATKV SKRYFSKOOL

## WINTERSKOOL 2018



NWU®

# ALGEMEEN

Die Winterskool vir skrywers word weer in 2018 deur die ATKV-Skryfskool van die Noordwes-Universiteit aangebied. Soos gebruiklik die afgelope 33 jaar sal bekendes uit die Afrikaanse skryf- en uitgeewêreld as sprekers en werksessie-leiers optree.

**DATUM:** 4-8 Junie 2018

**PLEK:** Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

**KURSUSSE:** Hoe skryf ek verhale, gedigte, rubrieke?

**KOSTE:** R3 250,00 per persoon (sonder verblyf)
R4 700 per persoon (deelverblyf vir 4 nagte ingesluit)

**SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS:**
18 Mei 2018

**TOELATINGSVEREISTES:**

Net jou eie skryfstuk, soos hieronder uiteengesit.

Kursusgangers kan in 2018 dus uit drie afdelings tydens die Winterskool kies: verhaalkuns, poësie en die skryf van rubrieke. Hierdie afdelings loop gelyktydig tydens die Winterskool.

Vyf dae lank skaaf jy intensief aan jou eie skryfwerk na aanleiding van wenke deur skrywers, uitgewers, groepleiers en werkswinkel-aanbieders. Aan die einde van die Winterskool word ŉ bywoning-sertifikaat toegeken.

Die Winterskool begin op Maandag 4 Junie 2018 om 08:45 (jy kan reeds van 08:00 af registreer) by die Transnet-lokaal (G02), Frans du Toit-gebou (gebou E9), Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Die Winterskool sal op Vrydag 8 Junie 2018 om 12:00 afsluit.

Die drie afdelings van die Winterskool word in parallelle sessies aangebied, hoewel die hooflesings van skrywers of uitgewers in gesamentlike sessies (aan al die kursusgangers) gelewer word.

Omdat 'n beperkte aantal kursusgangers toegelaat kan word, word belangstellendes aangeraai om so gou moontlik hul plek te bespreek.

# TOELATINGSVEREISTES

Om tot die Winterskool toegelaat te word, word ŉ skryfstuk in die afdeling wat jy kies, vereis. Dit moet jy saam met jou inskrywing vóór die sluitingsdatum, **18 Mei 2018,** elektronies instuur met ŉ deposito van R500,00 (nie terugbetaalbaar nie). Hierdie skryfstuk van jou word deur die loop van die week in kleingroep-verband met jou bespreek.

Die Winterskool bied jou nie net die geleentheid om met die skryfkuns en met skrywers, uitgewers, joernaliste en kritici kennis te maak nie, maar jy ontmoet ook ander mense wat jou belangstelling deel en wat met dieselfde skryfprobleme as jy worstel. Dit maak nie saak op watter vlak jou skryfwerk is nie – of jy nog nooit gepubliseer het nie, en of jy alreeds gepubliseer het – die Skryfskool se mense sal jou skryfwerk help slyp.

# AFDELINGS

Die afdelings van die Winterskool en elkeen se skryfstukke lyk só:

## VERHAALKUNS

Hoe lyk ŉ kortverhaal of ŉ roman? Daar word aandag geskenk aan die uitwerk van die verhaallyn, die skep van karakters en aan die inkleding van ruimte en tyd in 'n verhaal.

Om vir hierdie afdeling in te skryf, moet jy ŉ kortverhaal, van nie meer as 10 bladsye nie, vooraf elektronies instuur.

## POËSIE

Hoekom skryf ons gedigte? Wat maak 'n gedig 'n gedig? Wat maak 'n gedig 'n goeie gedig? Hoe raak die digitale media die digkuns wat in ons tyd geskryf word?

Vir hierdie afdeling moet jy twee gedigte elektronies met jou inskrywing saamstuur.

## RUBRIEKSKRYF

Wat is ‘n rubriek? In watter soort rubriek stel die verskillende tydskrifte en koerante belang? Watter stylkenmerke het goeie joernalistieke skryfwerk? Hoe struktureer jy ‘n rubriekbydrae om die trefkrag daarvan te vergroot?

Om tot die kursus toegelaat te word, moet jy ‘n rubriek van hoogstens 600 woorde elektronies saam met jou inskrywingsvorm voor die sluitingsdatum instuur.

# INSKRYWING

Vul die inskrywingsvorm in en stuur dit elektronies saam met ʼn bewys van die inbetaling van 'n deposito van R500,00 (nie terugbetaalbaar nie), asook saam met jou skryfstuk vir die betrokke afdeling (in elektroniese formaat) sodat jou inskrywing ons nie later nie as **18 Mei 2018** bereik. Navrae oor die Winterskool kan by die ATKV-Skryfskool van die Noordwes-Universiteit gedoen word (Tel: 018 299 1783).

Ons het al honderde mense gehelp om regtig aan die skryf en publiseer te kom; ons kan jou ook help!

Stuur die voltooide inskryfvorm saam met jou skryfstuk (in elektroniese formaat) voor **18 Mei 2018** na kobie.vanaswegen@nwu.ac.za

# INSKRYWINGSVORM

Winterskool 4-8 Junie 2018

Naam: ______________________________

Posadres: ______________________________

______________________________

______________________ Poskode ________

Telefoon: ______________________________

Selfoon: ______________________________

E-pos: ______________________________

Faks: ______________________________

Merk die afdeling waarvoor jy inskryf:

☐ Verhaalkuns ☐ Poësie ☐ Skryf van rubrieke

Aangeheg is die manuskrip: ______________________________

______________________________ (Titel)

Hierby ingesluit:

Die volle bedrag vir die kursus: R

Deposito: R500.00 (nie terugbetaalbaar). Die res van die geld sal voor of met registrasie betaal word.

| | |
|---|---|
| BANK: | ABSA, Tomstraat, Potchefstroom |
| REKENINGNAAM: | NWU |
| REKENINGNOMMER: | 670 642 313 |
| TAKKODE: | 632 005 |
| VERWYSING: | ASS 44602-JOU NAAM |

(Stuur bewys van inbetaling per ‘n e-pos na kobie.vanaswegen@nwu.ac.za)

______________________ Handtekening

______________________ Datum

STUUR IN

# ANDER KURSUSSE

Die ATKV-Skryfskool beplan ook ’n verskeidenheid ander skryfkursusse vir 2018 vir enige iemand wat wil skryf of hul kreatiewe skryfwerk wil verbeter.

**4 Mei**

Kortkursus (oor die skryf van verhale) vir jong skrywers, Hoërskool Outeniekwa, George
(e-pos Alida Louw by alida.louw@hotmail.co.za vir meer inligting)

**5 Mei**

Kortkursusse (oor kreatiwiteit) Mosselbaai
(e-pos Dr Jopie Coetzee by jopie@global.co.za vir meer inligting)

**6-8 September**

Lenteskool vir liefdesverhaalskrywers, Potchefstroom

# NAVRAE

Groepe wat belangstel dat kursusse in hul omgewing aangebied moet word, kan die ATKV-Skryfskool nader daaroor by:

Tel: 018 299 1783
kobie.vanaswegen@nwu.ac.za

Die Direkteur
ATKV-Skryfskool
Noordwes-Universiteit
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520